

Skriflesing: Mark 15:33-41

Wie is Jesus vir jou?

In die Ou Testament word voorspel dat die Verlosser gebore gaan word. Was Jesus hierdie Verlosser, die enigste mens wat die ganse Ou Testament se voorspellings waar kon maak?

Het Hy nie dalk net die Ou Testament goed geken en die voorspellings waar probeer maak om ons sodoende te laat glo dat Hy die Seun van God is nie? Is alles nie maar net so beplan nie?

Party mense het Jesus gesien as 'n wonderwerker, ander weer het gedink Hy was 'n baie goeie leermeester. Ander sien Hom as Verlosser en as lydende kneg wat plaasvervangend sterf vir elkeen van ons. Wie was Jesus regtig?

In Mark lees ons van baie mense wat verskillende idees gehad het van wie Jesus was.

Pilatus noem Hom: "die Koning van die Jode."

Die skare vereer Hom met palmtakke as "die een wat voorvader Dawid se Koninkryk sal laat kom."

Die soldate trek vir Hom 'n pers mantel aan en sit vir Hom 'n doringkroon op en hul groet Hom spottend as "die koning van die Jode." Die rede vir sy kruisiging bring hul op bordjie bo Hom aan die kruis aan: "Hy is die Koning van die Jode."

Baie mense het gedink dat Jesus net vir die Jode gekom het. Daar is vandag nog mense en kerke wat Jesus so vir hulself opeis. Jesus is myne. Hy is aan my kant. Dit is gevaarlik om Jesus so vir jou, vir jou behoeftes en bediening op te eis, want dit is nie wie Jesus is nie. In sy "vreemde liefde" het Hy vir tollenaars en duiwelbesetenes, kleingelowige vissermanne, vir hulle wat Hom vermoor, vir moordenaars wat langs Hom gekruisig word en vir die Romeinse offisier gekom. Hy het vir almal gekom.

Wie was Hy? Dieselfde skare wat Hom op Sondag geloof en geprys het, skreeu op die Vrydag van dieselfde week: "Kruisig Hom!"

Priesterhoofde, skrifgeleerdes en Jode het Hom 'n godlasteraar genoem. Hulle is teleurgesteld. Hulle het 'n ander Jesus verwag. Hulle het gedink dat Hy 'n aardse koninkryk sou kom vestig. Nou is Hy die lydende Jesus. 'n Koning aan 'n kruis is vir hulle 'n verleentheid, want Hy was dan die een wat met glans en mag en krag sou kom en hulle van Romeinse oorheersing sou bevry.

Vandag is daar steeds ook mense wat so 'n Jesus aanbid, net in in koninklike heerlikheid. Hy is vir hulle net in die suksesvolle, magtige en indrukwekkende. Hy is net in glans, mag en glorie, net in lofliedere, net in die groot goed.

Ons lees in Markus van sy genesings en duiweluitdrywing en skares wat na sy preke kom luister het. Hy is 'n wonderwerkende God. Dit is deel van wie Hy is. Sy "suksesverhaal" is deel van Sy verhaal. Maar daar is meer:

Dit is juis daarom dat Jesus mense wat Hy gesond maak vra om niemand daarvan te vertel nie. 'n Mens sou dink dat Hy juis sou wou hê dat almal daarvan moet weet. Maar Jesus probeer keer dat mense 'n verkeerde eensydige beeld van Hom kry. Sy wonderwerke is net deel van wie Jesus werklik is. Ons mag nie net in Hom glo as 'n Here van genesings en voorspoed en dit vir ons begin opeis nie.

Hy is ook die Een wat moet ly. Die ware Seun van God kom om te sterf in ons plek. Sy pad word nie net deur "sukses" gekenmerk nie. In Jerusalem wag 'n kruis. Dit is juis waarom Hy gekom het. Hy het nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien.

Om werklik te weet wie Jesus, mag ons nooit na net een van die twee dele kyk nie, ons moet beide aanvaar. Hy is nie net die wonderwerkende Seun van God nie, Hy is ook die lydende Messias wat ter wille van ons moet sterf. Sy Goddelikheid lê nie alleen in krag om wonderwerke te doen nie, maar ook in sy gewilligheid om tot aan die kruis te dien.

Die Romeinse offisier sien Hom sterf. Hy word veel meer as net getuie van Jesus se dood.

By Jesus se doop en verheerliking op die berg het God self verklaar dat Jesus sy Seun is. Die duiwels in die besetene van Gerasa erken Hom as Jesus, Seun v God, die Allerhoogste. Sonde het mense blind gemaak vir wie Hy is. Hulle het verskeie antwoorde gegee van wie hulle dink Hy is. Van hulle was baie onvleiend. Party het gesê dat Hy van sy kop af geraak het of dat Hy van die duiwel besete is. Ander het gedink Hy is Johannes die Doper of Elia of een van die profete. Ander weer het gesê dat Hy die Gesalfde van God of die Seun van Dawid is.

Uiteindelik is dit die Romeinse offisier wat die volle waarheid bely. Hierdie man het nie veel geweet van Jesus nie. Hy het waarskynlik afgode aanbid. Hy het geen verwagtinge van Jesus nie. Jesus is vir hom maar net nog 'n misdadiger.

Hy staan voor die kruis en sien hoe Jesus in grenslose liefde sterf. Hy sien totale onverstaanbare selfopoffering. Hy sien hoe Hy in onvoorwaardelike diens sy alles, sy lewe weggee en besef: "Hierdie man was werklik die Seun van God." In die evangelie van Markus is die Romeinse offisier die eerste mens wat Jesus as Seun van God herken en erken.

Dit is dié Jesus in wie se voetspore ek en jy moet volg. Die wonderwerkende Seun van God, maar ook die lydende dienende Seun van God. Ons moet Hom volg in Sy oorwinning en ook in sy diensbaarheid. Ons is koningskinders wat voete was.

In 'n wêreld wat so maklik ons Jesusbeeld eensydig kan skeef trek, wil die kruis vanoggend weer vir elkeen van ons vra: "En jy?"

Die offisier maak 'n lewensveranderende belydenis: "Hierdie man was werklik die Seun van God."

En jy, wie sê jy, is Jesus?

Of belangriker, nader aan jou eie lyf, wie is Jesus vir jou?

Amen